

Ontmoeting 2

Daniël: Waardes en beginsels

Kinders leer oor die verhaal van Daniël

Teks: Daniël 1 en 2

Hulpmiddels:

- Sandboks met karakters en houtblokkies (om die stede mee voor te stel)
- 4 roomysstokkies met kaartjies waarop die vier vriende se ou en nuwe name verskyn
- Wortels om na die aanbieding te eet
- Kaartjies waarop kinders hulle waardes kan skryf
- Afdrucke van die groente en vrugte skets



Welkom

Hou 'n "groente"-speletjie: wortel, aartappel en blomkool. Dit werk soos "rock, paper, scissors". Die wortel steek die blomkool, die blomkool vou oor die aartappel en die aartappel rol die wortel om. Die wortel word met die wysvinger aangedui, die blomkool met 'n oop hand en die aartappel met 'n vuus.



Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en ligte patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem." Wag nog 'n paar tellings en sê dan: "Amen."



Woord

Demonstreer Daniël 1 in die sandboks:

Ongeveer 600 jaar voor Jesus geleef het, het die mense van Babilonië oorlog gevoer teen die mense in Jerusalem. Die Babiloniërs was baie sterker en het die Jode as slawe teruggeneem na hulle stad.

Hulle koning se naam was Nebukadnesar. Die koning het sy manne gevra om uit die jong seuns wat uit Israel kom, 'n paar uit te soek wat opgelei kon word om vir hom te werk. Hulle moes jonk, sonder liggaamsgebrek, slim en mooi wees.

Onder dié wat gekies is, was 4 jongmanne met die name: Daniël, Gananja, Misael en Asarja. Dit was Hebreeuse name en die koning het dadelik vir hulle ander name gegee. Daniël het Beltsasar geword, Gananja het Sadrag geword, Misael het Mesag geword en Asarja het Abednego geword. Hulle het glad nie van hulle nuwe name gehou nie.

Die jongmanne moes baie goeie kos kry om te eet, dieselfde kos wat die koning eet. Die vier vriende wou egter nie soos die koning eet nie en het gevra of hulle vir 10 dae net groente kan eet. Die paleisbeampte was bang dat die koning hom sou doodmaak as hy toestemming gee. Hulle groepleier het egter ingewillig en gesê dat hulle na 10 dae baie gesond en sterk moet lyk, anders moet hulle beslis die koning se kos eet.

Na 10 dae het Daniël en sy vriende baie beter as die ander gelyk. Drie jaar later het hulle voor koning Nebukadnesar verskyn. Hy het hulle op verskillende maniere getoets en uitgevind dat Daniël en sy vriende slimmer was as al die wyse manne in Babilonië. Hulle is toe aangestel om belangrike werk in die paleis te doen.

Die koning het een nag 'n baie slegte droom gehad. Hy was baie ontsteld. Hy roep toe sy towenaars en voorspellers om vir hom die droom uit te lê.

Die towenaars en voorspellers wou weet wat die koning gedroom het. Maar die koning het hulle nie vertrou nie. Hy het geweet hulle sal saamspan en sommer enige betekenis uitdink. Hy sê toe: “Nee, as julle regtig kan voorspel, sê eers vir my *wat* ek gedroom het en *dan* wat dit beteken.”

Die towenaars en voorspellers was baie ontsteld, want geen mens op aarde kan dit doen nie. Net God ken mense se drome.

Die koning het toe geweet hulle bedrieg hom al jare lank en hy besluit toe om al die wyse manne dood te maak. Daniël en sy vriende was nie saam met die ander by die koning nie, maar hulle was ook wyse manne en moes ook doodgemaak word.

Toe Daniël daarvan hoor, is hy dadelik na Arjok, die hoof van die paleiswag. “Waarom wil die koning ons doodmaak?” het hy vir Arjok gevra. Arjok het die situasie aan hom verduidelik en Daniël het vir h bietjie tyd gevra.

Waarom sou Daniël tyd vra? Hy wou tyd hê om te bid en die Here te vra om vir hom die droom en die uitleg daarvan bekend te maak. Hy en sy 3 vriende het saamgebid en die Here het vir Daniël gewys wat die droom was en wat dit beteken het. Daniël het die Here geloof en geprys!!

Daniël gaan toe na die koning en tot die koning se verbasing kon Daniël vir hom presies vertel wat hy gedroom het én wat die betekenis van die droom was. Die koning was beïndruk met Daniël. Hy het vir Daniël aangestel as goewerneur van die hele provinsie Babilonië en hy het vir hom baie presente gegee. Hy het Daniël ook as hoof van al die koninklike raadgewers (dis nou die slim mense in Babilonië) aangestel. Daniël het gevra dat die koning vir Sadrag, Mesag en Abednego kies om te help regeer oor Babilonië. Die koning het dit gedoen. Daniël self het by die koning in die paleis gebly.

Die Here het vir Daniël gehelp, want hy het nie die gode van Babilonië begin dien nie. Intendeel, Daniël het getrou elke dag drie keer in die rigting van Jerusalem gebid. Dit het hom in die moeilikheid laat beland. (Maar meer daarvoor volgende keer.)

Daniël was beginselvas. Daar is twee maniere om op die regte pad te bly. Die een deur reëls te gehoorsaam en die ander is om jou eie waardes te hê. Reëls is iets wat ander vir jou sê waarvolgens jy moet leef. Waardes is iets wat jy self kies om volgens te leef. Waardes is dus binne jou en reëls buite jou.

Beginsels is die maniere wat jy kies hoe jy die waardes uitleef. Jy kies jou gewoontes en gedrag só dat dit kan wys wat jou beginsels is.

’n Reël kan wees dat jy nie van die lekkers mag eet sonder om vir Mamma te vra nie. Maar dis so maklik om dan, as Mamma nie by die huis is nie, skelmpies ’n lekkertjie te vat.

Waardes is dat jy nie te veel lekkers wil eet nie, want dis ongesond. As Mamma nie by die huis is nie, vat jy nooit h lekker nie. Dit is dan nie sy wat jou keer nie, maar jou eie waarde van gesond eet wat jou keer.

Daniël en sy vriende was weg van hulle ouers en leiers af. Daar was niemand by hulle om te sorg dat hulle aan God getrou bly nie. Dit was hulle eie besluit om die waardes wat hulle by die huis en in die tempel uit die Here se Woord geleer het, te onthou en toe te pas.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter reëls of waardes is daar in julle huis.
2. Ek wonder watter voorbeeld van Daniël jy sal wil volg.
3. Ek wonder wat die Here sal doen met h mens wat sy waardes en beginsels vergeet en verkeerde goed gedoen het. (Onthou vergifnis.)



Werskaf

- Gee vir die kinders elkeen ’n wortel om te eet.
- Maak vir elke kind ’n kaartjie waarop hulle 3 waardes kan invul. (Help hulle hiermee.)
- Gee vir hulle die prentjie en laat hulle net die groente inkleur.

Gebed: Here, help my om te bly by wat ek wil wees en doen, veral as ek alleen is. Amen.

Sluit af met die seënbede

“Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou.”

My 3 belangrikste waardes:

1.

2.

3.

